

LUTHER IN SY: DIE SIEBEN BUSSPSALMEN MIT DEUTSCHER AUSLEGUNG, MEI 1517

Inleiding

Ons het ons by die keuse van 'n onderwerp uit die tyd van die sestende eeuse reformasie, deur 'n besondere oorweging laat lei. As gelowiges wat meer georiënteer is op die Calvinistiese rigting van die reformasie loop ons gevaar om die bydrae van 'n Luther onder te waardeer. Dit kan selfs 'n uitwerking hê op ons kerkhistoriese wetenskapsbeoefening. Vanselfsprekend sal jou belangstelling die keuse van jou navorsingsveld beïnvloed. Trouens, sodanige konsentrasie is noodsaaklik met die oog op die wye veld wat deur die Kerkgeskiedenis gedek word.

Die Reformasie van die sestende eeu, in sy totale omvang, lê ons as Protestante almal wel na aan die hart. Het ons nie miskien binne die geheelveld 'n te beskeie plek gegee aan die man van Wittenberg, Martinus Luther? As in gedagte gehou word wat Calvyn self van Luther gesê het, behoort dit vir ons 'n stimulus te wees om met die oog op 'n gebalanseerde en verantwoorde kerkhistoriese perspektief 'n grondiger studie te maak van Luther se bydraes. Calvyn het 'n besonder hoë waardering gehad vir Luther en sy baanbrekerswerk hoog geskat.¹ In 'n geskrif 1543 teen Phigius i.s. die vrye wil sê Calvyn: „Ons verklaar nou, soos wat ons dit tot nou toe steeds gedoen het, dat ons hom (Luther) beskou as 'n buitengewone apostel van Jesus Christus, deur wie se werk en diens die egtheid van die Evangelie in ons tyd herstel is”. Vir Calvyn was Luther die pionier in die volvoering van die reformatoriese taak. In 'n brief aan Bullinger in 1544 erken Calvyn Luther as 'n dienskneg van die Here aan wie ons veel verskuldig is. Calvyn noem Luther selfs sy vader. 'n Brief 21 Jan. 1545 aan Luther sluit Calvyn met ontroerende woorde af: „Vaarwel! hooggeleerde heer en seer voortreflike dienaar van Christus, my altyd hooggeagte vader. Mag die Here voortgaan om u deur sy Gees te lei tot die einde toe, tot algemene heil van sy kerk”. Ons beoog om 'n enkele flitslig te werp op hom, 'n „hooggeagte vader” vir Calvyn. Ons maak 'n bepaalde snit uit die talryke werke van Luther waarvan die Weimarer Ausgabe 'n sprekende getuienis is. Ons keuse het geval op sy „Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung”, wat in Mei 1517 verskyn het.

Waarom uit die Psalms?

In 'n voorwoord tot 'n uitgawe van Die Sieben Busspsalmen wat in 1883 verskyn het word tereg van Luther vermeld „lange schon hatte er sich mit dem Psalter beschäftigt”.² Hierdie „lange schon” gaan sover terug as 1512. By sy promosieplegtigheid in 1512 is naas die ander formaliteite op 'n bepaalde oomblik tweemaal 'n Bybel aan Luther gegee, eers geslote en daarna 'n oop Bybel terwyl liturgiese formules uitgespreek is. Hy moes daarby 'n eed sweer dat

hy geen ydele, vreemde, deur die kerk veroordeelde en vir vrome ore 'n aanstootlike leer sou voordra nie en elkeen wat hy daarop betrap by die Dekaan van die universiteit sou aangee.³ Dit was 'n profetiese handeling. Hierdie eedswering het vir Luther in sy latere lewe baie beteken. Hy het hom as met 'n eed gebonde geag aan die Woord van God.

Juis kort hierna word hy benoem tot professor aan die Universiteit van Wittenberg met as opdrag Eksegese van die Heilige Skrif.

Op 16 Augustus 1513 die oggend om sewe uur begin Luther sy lesings en hy kies die boek van die Psalms waaruit hy twee uur per week onderrig gegee het. Die Psalms het vir hom 'n besondere bekoring. Op 1 Maart 1517 skryf hy aan Johann Lang te Erfurt: „Psalmi translati a me et explanati vernacula, si nulli placerent, mihi optime placerent”.⁴

Hierdie besondere liefde vir die Psalms hang ten nouste saam met Luther se aanvanklike worstelstryd en gewetenskapwellinge. Hy is tot homself ingekeer. Die direkte nood van sy innigste sielelewe het hom gekwel. Die kerk van sy tyd het geen oog meer vir persoonlike geloofslawe. Dit ken wel algemene reëls, vir almal gelyke pligte, uitwendige goeie werke. „Op stiptheid komt het aan”, aldus Stegenga. „Wie stipt is behoef in facto geen zonde te doen en heeft dan ook de beste garantie bij het oordeel, dat straks komen gaat en waarom de eenvoudigen van hart, als voor een levenslange dreiging, sidderen”.⁵

Die vraag, so het hyself later verklaar waarmee hy in sy kloostersel geworstel het was „O, wenn wiltu ein mal from werden und genug thun, dass du einen gnädigen Gott kriegest?”⁶ Met sy goeie werke wou hy aan die justitia Dei voldoen. In die woord justitia Dei trek sy sieleangs saam. Hy het met Gods Woord geworstel om hieroor tot helderheid te kom. Aanvanklik sien hy die geregtigheid van God as 'n strenge straf van die wetsoortreder. Dit slaan 'n vir hom onoorbrugbare kloof tussen God en sondaar.

Hoe sal ek 'n genadige God vind? Die vraag laat hom nie met rus nie. Hy worstel met die persoonlike verhouding tussen God en mens en hoe die boodskap van verlossing vir 'n sondaar verstaan moet word. Die hemel is hoog, die hel is diep, die lewe is kort. Met skerpe intuïsie voel Luther aan dat die verbryseling van die hart, die *contritio cordis*,⁷ en die ware *poenitentia*⁸ iets anders moet wees as wat die kerk van sy dag leer. Luther het self later getuig van sy stryd en die lig wat vir hom opgegaan het. Veral in sy voorrede tot sy versamelde Latynse werke wat in 1545 verskyn het, verhaal hy hoe hy in sy worsteling om 'n antwoord op sy lewensvraag soms opstandig geraak het teen God.

En juis, dié lewensvraag wat tyd en ewigheid vir hom omspan: hoe kry ek 'n genadige God het hom na die Psalms gedryf. Die Psalmboek word vir hom die helder skone spieël waarin ons die ganse Christendom kan sien. Daar sien jy, aldus Luther,⁹ al die heiliges in die hart, hulle noodgeroep en hulle triomf. En so het ook Luther in die Psalms 'n uitweg uit sy diepe nood gevind. Die psalmdigters roep luid en dit is vir Luther asof hy sy eie hulpgeroep

hoor. Die Psalms gee aan hom 'n antwoord op sy vrae rondom die ware poenitentia en die justitia Dei.

In die Psalms vind hy die intens persoonlike erns t.o.v. boetedoening, verlossing en genade wat in die kerk van sy tyd veruitwendigde formaliteite geword het.

Besondere plek van Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung

„Bedeutungsvoll scheint es” so word in die reeds vermelde voorwoord van 1883 vermeld, „dass die erste von Luthers Schriften, die er selbst dem Druck übergeben, eine Auslegung der Busspsalmen in deutscher Sprache ist”. Dit spreek boekdele. As man van die kerk van sy tyd en as geleerde het hy in Latyn geskryf, die taal waarin ook sy 95 stellinge offisieel verskyn het. Die eerste geskrif wat hyself aan 'n drukker oorhandig vir publikasie laat hy verskyn in sy moedertaal, Duits. So laat hy homself aankondig as „den Reformator und Mann des Volkes”.¹⁰

Om in dié tyd Duits goed te kon skryf was nie so vanselfsprekend nie. Die meeste geleerdes het met veragting op hulle moedertaal neergesien. Daarby was in Duitsland op daardie stadium nog geen homogene spreektaal. Luther was een van die eerstes wat vanaf die kateder nou en dan Duits gespreek het. In sy eerste lesing oor die Psalms het hy al enkele Duitse woorde gebruik om iets te verduidelik. Duitse teologies populêre geskrifte soos o.a. 'n preekbundel van Johann Tauler het hom laat besef dat sy moedertaal wel geskik is om dieper geloofswaarhede daarmee uit te druk.¹¹

Gevoel vir sy moedertaal verdiep almeer. In sy woord vooraf tot die Theologia Deutsch in 1518 verbly hy hom oor die eenvoud van die Duitse taal met sy „ungekränzten und gefränzten” woorde.¹² Luther wys daarop dat daar nou weer met die Wittenbergers gespot sal word dat hulle Duitse teoloë is en nie Latiniste nie. Luther trek hom niks daarvan aan nie intendeel „ek dank God” so gaan hy voort „dat ek hier in Duitse tongval my God hoor en vind op 'n wyse soos ek Hom tot hiertoe nog nie gevind het nie”.¹³

Agter Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung sit die vaderlander wat sy eerste publikasie in sy moedertaal die lig wil laat sien.

Daaragter sit egter ook die volksman. Luther was „every inch a German”.¹⁴ Hy wil met sy reformatoriese gedagtes sy volk bereik. Sy Busspsalmen was nie bedoel vir die geleerdes nie maar vir sy eie mense. In 'n brief op 6 Mei 1517 aan Christoph Scheurl omskryf Luther die adres van sy Busspsalmen: „Non enim Novimbergensibus, id est, delicatissimis et emunctissimis animabus, sed rudibus, ut nosti Saxonibus editae sunt, quibus nulla verbositate satis mandati et praemandi potest eruditio christiana”.¹⁵ In die voorwoord tot die tweede verwerkte uitgawe en die agtste druk van die Busspsalmen word dit weer eens bevestig: „dein breiten Volke wollte er dienen, nicht den Gelehrten”.¹⁶

Hoe meer hy hom profeet van die Duitse volk gevoel het en

hom oor teologiese en kerklike vraagstukke tot sy volk wou rig, hoe vlotter het hy sy moedertaal hanteer.¹⁷

Derdens sit agter die Sieben Busspsalmen die worstelaar in sy sielenood vir wie die daeraad eindelijk deurgebreek het. Ons het alreeds daarop gewys hoedat hy in sy sielestryd aangetrokke gevoel het tot die Psalmbundel as geheel. Sy stryd en triomf het asof deur 'n brandglas saamgetrek in die sogenaamde boetpsalms t.w. 6, 32, 38, 51, 102, 130 en 143.

Toe Luther eenmaal gevra is watter Psalms vir hom die skoonste is het hy geantwoord die „Psalmi Paulini”, die psalms waarin die stryd wat hom in Paulus se siel afgespeel het en die oorwinning van die genade wat hy geken het duidelik uitgebeeld word. Dit was volgens Luther in besonder Pss. 32, 51, 130 en 143.¹⁸

Hierdie afsondering gaan terug na die vroeg-christelike kerk, selfs voor die 7e eeu.¹⁹ As boetepsalms het dit 'n eie plek ingeneem in die liturgie en privaat godsdiensoefening. Die Rooms-Katolieke Kerk van sy dag het in lyn met die geskiedenis 'n besondere plek aan die boetpsalms gegee maar met 'n besondere aksent. In die sewevoudige klaagtone oor die sonde sou hierdie sewe liedere die teenhanger vorm van die sewe werke waardeur die sondaar vergewing sou kon verkry nl. die doop, die martelaarskap, die gee van aalmoese, die kwytskelding van skuld aan andere, die bekering van ander, groot liefde en ten slotte groot boetedoening.

Rome het dus aan hierdie kosbare skat uit die psalmboek 'n eie konotasie, 'n eie verklaring gegee wat rus op hulle leerstuk van die verdienstelikheid van die goeie werke. As Luther die grondwaarhede van sonde van waaragtige poenitentia en die evangelie van vrye genade in Christus Jesus uit die stof opdiep dan staan hy onmiddellik op met dieselfde boetepsalms om te stry teen die valse, ondiepe, onevangeliese voorstellinge wat die kerk oor sonde en genade huldig. Hulle lees nog die boetepsalms maar ware boete is aan hulle vreemd en wat hulle as ware geregtigheid aanbied is niks anders as hoovaardy, selfbedrog, 'n gevaarlike waan. Daarom gryp Luther na die Sieben Busspsalmen en as hy hulle verklaar word dit 'n openbare protes, 'n kragtige reformatoriese korrekatief op die Roomse boete-sakrament.²⁰ Luther vind dit afskuwelik om jou te verhef op vermeende selfvolbragte werke. Hy vind dit 'n oppervlakkigheid om onderskeid te maak tussen daaglikse of vergeeflike en doodsonde asof nie alle sonde dodelik is en die enigste middel tot redding alleen die genade van God in Christus Jesus is nie.

Hierdie gedagtes keer telkens en by herhaling terug in die verklaring van die boetepsalms. Stegenga²¹ wys daarop dat hy wat nie rekening hou met die lewenstryd wat in hierdie bladsye blootgelê word nie Luther miskien kan beskuldig van eentonigheid. Sy hart is egter vol. In die deurgronding van wat God se geregtigheid is het hy, volgens sy eie woorde, die paradys betree. En nou getuig hy van dié paradystoestand in sy eie taal vir sy eie volk.

So sien sy Busspsalmen mit Deutscher Auslegung die lig in die vroeë lente van 1517, dus nog voordat sy 95 stellinge openbaar gemaak is. Die Auslegung het etlike herdrukke belewe en het selfs by

geleerdes byval gevind maar „ihre tiefste Wirkung hatte sie da, wofür sie bestimmt war, im Volke“.²² In 1525 het Luther 'n hersiene uitgawe die lig laat sien. In ons ondersoek beperk ons ons tot die uitgawe van 1517 omdat ons van daaruit 'n perspektief wil probeer kry op die Lutherfiguur van 1517 gedagtig aan 31 Oktober 1517 wat as die deurbraak van die reformasie erken word.

Ontleding van Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung

In die ontleding wil ons veral op drieërlei let:

- a. Die teks wat hy gebruik het.
- b. Sy eksegeties-hermeneutiese metode.
- c. Die lig wat die Auslegung werp op die Lutherfiguur van 1517.

a. Die teks wat hy gebruik het

In 'n kort inleiding tot die Auslegung bied Luther besonderhede oor die teks wat hy gebruik het. Hy het self erken dat hy „keinen grammatikalischen und regelrechten Hebräer“²³ is nie. Hy het hom dus hoofsaaklik verlaat op Latynse tekste. Die Vulgata, die Latynse vertaling van die Bybel, was in sy dae die erkende teks. Vulgata, oorspronklik besorg deur Hieronymus (340—420) is in die loop van die Middeleeue gewysig en „verbeter“. Van die Vulgata het Luther wel gebruik gemaak maar volgens sy eie inleiding tot die Busspsalmen het hy ook gebruik gemaak van die oorspronklike Hebreeuse teks van Hieronymus²⁴ en van 'n vertaling van die beroemde humanis Reuchlin uit 1512.

Met die heruitgawe van 1525 het Luther ook van ander tekste gebruik gemaak en volgens sy mening 'n verbeterde uitgawe besorg.

b. Sy eksegeties-hermeneutiese metode

Die vraag kan met reg gestel word of daar iets van die uitlegger se persoon of sy oortuiging uit sy uitlegging van die Skrif afgelei kan word. Om meer konkreet te word: dit is 'n elementêre bekende kerkhistoriese feit dat Luther in sy oortuiginge en gemoedslewe 'n gelydelike ontwikkeling deurgegaan het. Kan uit sy Auslegung van die boetsalms enige gevolgtrekkings gemaak word oor die staat van ontwikkeling in sy beskouing, sy geloofsoortuiginge en sy diepere gemoedslewe? Sê die uitleg van die Boetsalms vir ons iets van die Lutherfiguur in die sogenaamde Hervormingsjaar 1517.

Om 'n antwoord hierop te gee moet ons kortliks let op sy eksegetiese metode.²⁵

Direk aan die begin van sy kolleges oor die psalms stel Luther vas: „Die Psalms is profesie uit die Heilige Gees deur die mond van die profeet Dawid. Alle profete, dus ook die Psalms, moet op Christus betrek word, tensy die teks dit met duidelike woorde onmoontlik maak“.²⁶ Hier klop die Christologiese hart van Luther wat sy hele teologie beheers. Soos Christus die Hoof is van sy kerk, so spreek ook die Skrif aldus Luther in hoofsaak van Hom. Daarom beweer

Luther dat die letterlike sin van die Psalms hulle profetiese bedoeling is. Hierin moet die Gees ons insig gee. Die natuurlike mens is blind vir die inhoud van die Skrif. Hy kan dit alleen deurgrond deur die verligting van die Heilige Gees. Deur die werk van die Heilige Gees ontstaan 'n lewende verhouding tussen die leser en die Bybel. Dan word die Woord, aldus Luther, tot 'n lewende getuienis van die werk wat God in Christus aan sy kinders doen. Twee uitsprake in die Heilige Skrif steun volgens hom hierdie metode. Eerstens die woorde van Jesus: „Ek is die deur”, en die woorde van Paulus: „Ek wens niks anders onder julle te weet as Jesus Christus die Gekruisigde”. Hierin sluit hy aan by Augustinus se onderskeiding van spiritus en littera, die letter en lewemakende Gees.

Hiermee hang saam die hermeneutiese beginsel, vanaf die begin deur Luther gehuldig, dat die Nuwe Testament as uitlegging gelees moet word van die Ou Testament.

Derdens moet in gedagte gehou word dat Luther deur sy studie van die kerkvaders en in besonder van Augustinus wel deeglik kennis gemaak het met die allegoriese metode van skrifuitleg. In sy tyd is dit ook nog in ere gehou. Die allegoriese metode soek vierderlei sin in 'n teks: die sensus litteralis, die sensus mysticus, die sensus tropologicus of moralis en die sensus anagogicus.

In die begin het Luther hom nog in 'n mate hierdeur laat lei maar mettertyd het hy meer toegespits op die sensus tropologicus. Dit is van besondere betekenis vir die regte begrip van sy Auslegung van die Boetpsalms. Luther het naamlik die letterlik-profetiese, wat vir hom die Christologies-soteriologiese prinsipe is, verbind met die tropologiese sin, die toepassing op die enkele gelowige. Daardeur vind hy in sy uitleg die persoonlike geloofsverbintenisse tussen Christus en diesyne.

Hy kom tot hierdie verklaringsprinsiep deur sy opvatting van die begrip opus Dei, die werk van God. Gods werk is nie net skepping en onderhouding nie maar die sending van Christus is die allesbeheersende werk van God. Christus self is die opus Dei. Dit geld in tropologiese sin ook van wat in die gelowige plaasvind. God werk die geloof en Hy doen dit in Christus deur sy Woord. Die opus Dei, in Christus geskied, herhaal hom dus in die gelowiges. Volgens sy tropologiese reël gaan dit dus soos volg: „al het geen Christus naar de letterlijke zin in de psalmen klaagt en bidt in zijn lichamelijke aanvechting, dat klaagt en bidt elke gelovige ziel die in Christus geboren en opgegroeid is en dan bemerkt, dat ze toch nog wordt aangevochten en ten val komt, omdat Christus tot op de dag van heden wordt bespogen, gedood, geseseld, gekruisigd — in ons”.²⁷

In die verband laat Luther groot nadruk val op die deemoed van die mens. In die deemoed, aldus Luther, toon die gelowige sy bereidheid om sy ou mens met Christus te laat kruisig.

Terloops kan hier daarop gewys word dat Luther op die voetspoor van die begrip opus Dei ook die uitdrukking justitia Dei christologies — tropologies interpreteer het. Dit het vir hom die lig laat deurbreek. Die justitia Dei is in letterlike sin Christus in

persoon, in tropologiese sin is dit die geloof in Christus waardeur ons in en met Hom geregverdig word omdat Hy in ons leef en regeer al bly ons nog sondaars.

Teen die agtergrond dan van sy Christologies-tropologiese metode van skrifuitleg kan ons dus konkludeer dat sy Auslegung van die Boetpsalms deurleefde waarhede is. Dit is 'n spieël waarin ons die Lutherfiguur sien. In die geloof is hy een met die Evangelie van genade wat daarin openbaar word. Die uitlegger moet, volgens Luther,²⁸ die gemoedstoestande en geestelike ervaringe waarop dit in die Psalms gaan uit eie ervaring ken. „Niemand”, aldus Luther „spreek op 'n juiste wyse daaroor of verstaan 'n Skrifwoord werklik, as sy siel nie gelykvormig is aan die innerlike beweging van dit wat hy lees, sodat hy diep van binne voel wat hy met sy oë lees en uitroep: ja, werklik, so is dit!”²⁹ Boehmer spreek van 'n „Konformität der Affekte”.³⁰

Hieruit moet ons nie konkludeer dat Luther subjektiwisties sy ervaring as norm aanlê in die verstaan van die skrif nie. Hy bedoel daarmee slegs op 'n intense wyse „een betrokkenheid op wat hy las en uitlegde”³¹ wat uitvloeisel is van „een enorm geconcentreerd met de Bijbel bezig zijn”.³²

Vanweë hierdie intense betrokkenheid met dit wat hy uitlê gaan ons nou oor tot die laaste punt van behandeling.

c. Die lig wat die Auslegung van die Busspsalmen werp op die Luther van 1517

Om 'n samevattende beeld van die Lutherfiguur te rekonstrueer wil ons ons laat lei deur die indeling waardeur die Heid. Kategismus die lewe van die gelowige saamvat.

1. Luther en die kennis van sy sonde en ellende.
2. Luther en die kennis van sy verlossing.
3. Luther en 'n lewe van dankbaarheid.

1. Luther en die kennis van sy sonde en ellende:

Aan die Busspsalmen lê 'n diepe sondebeseft en gevoel van ellende en verlorenheid ten grondslag. Vyf van die Psalms t.w. 6, 32, 38, 51 en 143 is volgens die Heilige Skrif van Dawid. Sy lewe as agtergrond van sy sondebeseft en diepe berou is wel goed bekend.

Ware sondebeseft en belydenis kan alleen geskied aldus Luther as daar by die sondaar eerlikheid, opregtheid aanwesig is. 'n Uiterlike vroomheid om die oë van mense te dien is enkel bedrog sonder grond en sonder waarheid. God is 'n God van waarheid en egtheid „darumb so liebstu die innere warheit, sie aber die eussere falscheit, du den Grund, sie den Schein, darumb so sprechen sie nit, dir bin ich ein sunder”.³³

Luther dring deur tot die diepste grond van ons sonde en ellende wanneer hy die erfsonde bely.

Die Locus Classicus hiervoor in die Heilige Skrif is juis Ps. 51 : 7: kyk in ongeregthigheid is ek gebore en in sonde het my moeder

my ontvang. Luther verklaar hierby: „Sihe so war ists das ich vor dir ein Sunder bin, das auch sunde mein natur, mein anhebendes Wesen, mein empfangnisz ist, schweig dan die wort werck und gedanken und nachfolgend leben. Ein boser baum bin ich, und von natur ein kind der torns und der sunde“.

Dit bevestig hy as hy in die tweede boetepsalm handel oor die boosheid van die menslike natuur. Dit bestaan uit „die bosse lust, lieb, forcht in der hand gewachsen und angeboren“.³⁴ Luther besig self ook die term „erbsund die uns hat abwendet von dem ewigen gute“.³⁵

Luther het volkome deurgedring tot sy sondigheid tot sy eie nietigheid en broosheid. Die sondaarmens moet besef dat sy kragte niks beteken en as hy eers verstaan „in allen seinen crefften, wercken, wesen, das nit mehr dann ein elender, vordampter vorlaszer sunder da ist, dan kummet die gottlich hilff und sterck“.³⁶

So het Luther sy bange stryd om tot helderheid in die geloof te kom in sy Auslegung vasgelê. Hy was ontsteld en verlate³⁷ vanweë sy sonde. Dit het vir hom gevoel asof God ver weg gewyk het asof God hom verlaat het, Hom van hom losgemaak het. Dit gevoel hy as 'n „vorschmack der hellischen pein und ewiger vordamnis, darumb ersucht sie alle gebein, crafft, safft, marck und wass im menschen ist“.³⁸

Niemand, so bely Luther, is sonder ongeregtheid maar alle mense is sondig voor God, ook hulle, met 'n duidelike verwysing na die Roomse werkheiliges „die sich in wercken der gerechticheit uben und also aus der ungerechticheit zu kumen vormeinen dan es kan im selbs niemand erauss helffen“.³⁹

Nooit het hy iets gedoen wat werklik goed was maar wel veel sonde en boosheid, ook toe hy gemeen het dat hy reg gehandel het.⁴⁰ Hierdie lewe so vol sonde is vir hom weersinwekkend, dit is afgrylik „gleich wie wunden und schwulste faulen, eitern und stincken am leibe also auch die boszen gebrechen der natur vorterben und stincken werden“.⁴¹

Talle voorbeelde kan nog aangehaal word van Luther se innige sondebef. Ons volstaan met bogenoemde. Daarmee het hierdie kloeke stryder afgereken met die Roomse oppervlakkige sondeleer. Hiermee sluit hy sy Auslegung af. Luther beskuldig Rome dat hy met 'n „trieglichem wort“ mense mislei wanneer hy leer dat „die neigung“ geen „todsunde“ is nie en dat „teglich sund mit vordammen“ en dat die mens uitmaak wat dan „todsund“ is. Luther betoog dan verder „dann so der mensch von einem iglichen mussigen wort sall rechenschaft geben am jungsten tag (Mat. 12 : 36) wer will so küne seinn das er tegliche sunde mit furchten hüten odder beweinen wolle, und also inn demutiger furcht nach gnade und barmhartzickeit sich ernstlich sehnen“.⁴²

Luther het enige vorm van oppervlakkigheid t.o.v. die leer oor die sonde en ellende summier afgewys. Hy was diep deurdring van die doemwaardigheid, van die onreinheid, van die diepe skuld waarin die sondaar voor God staan.

2. Luther en die kennis van sy verlossing

In sy stryd teen die verdienstelikheid van die goeie werke, waarby die goedkoop aflaatstelsel aansluiting gevind het, het Luther die banier van die enigste Verlosser en Middelaar Jesus Christus omhoog gehef. Verlossing is alleen uit genade deur sy soenverdienste.

Hierdie geloofsekerheid, aldus Luther, kan deur die werking van God se Gees alleen jou deel word na hartgrondige berou. Dit geskied alleen waar God alle menslike steunsels en troos van jou wegneem „und die sele hartzlich betrubt macht schreiend und sehnd nach seinem trost”.⁴³

Die Auslegung is vol van sy sielestryd. Sy sonde het hom gekwel, dit het hom smart aangedoen. Sy lewe het vir hom suur en moeilik geword „dan es ist nit mer dan ein sufftsen”.⁴⁴ Luther wil in die verklaring van Ps. 6 : 7 laat uitkom dat ’n „rechtes leben” nie sy krag vind uit vele goeie werke nie maar alleen in ’n hartgrondige berou in ’n ware sugte in „einem creutzigen und todten des alten menschen”.⁴⁵ Hy verwys dan na wat Christus self in die verband geleer het: salig is die wat treur, salig is die wat honger en dors na die geregtigheid.⁴⁶ Waaragtige berou sny vir Luther alle vorm-godsdiens in die wortel af. Dit is enkel „list im geist”.⁴⁷ Waaragtige berou gaan veel dieper as die uitwendige. Vanweë die sonde, aldus Luther, is die hart vol lyde en sugte. Dan breek dit uit in „ein cleglichs heulen, das ist gar ein volkommende rew”.⁴⁸ En hierdie droefheid, diep in die siel, kan alleen bewerk word deur die pyle van Gods Woord.⁴⁹

In hierdie verband wil dit voorkom asof Luther die waaragtige berou en droefheid, hierdie „cleglichs heulen” nog te veel verbind aan die gerig van God. Dit was juis sy worstelstryd, hy het God gesien as ’n strawwende Regter wat in ’n strenge gerig die sonde straf. Luther hou nie genoegsaam rekening daarmee dat waaragtige berou hierin wortel dat jy God se gebod oortree het, dat jy ongehoorsaam was, dat jy Hom in sy heiligheid onteer het.

Dit bedroef die sondaar. Natuurlik kan hierdie droefheid nie losgemaak word van God se gerig, sy strenge geregtigheid nie, maar tog nie met die mate van eensydigheid as Luther onder Ps. 32 : 3 slegs die gerig raaksien: „vor groszem angst deines gerichts bin ich alt und graw worden”. Hy herhaal dit onder dieselfde vers as hy sy lyde en smart motiveer: „vor dem anblick des gotlichen gericht”. Vir ’n derde keer herhaal Luther die geween, die gebrul die hele dag (Ps. 32 : 3): „kumt von der grossen angst eigenes erkentnisse, wilchs kumt von ansehen empfindlich blicks des gotlichen gericht”.

Dit neem egter niks weg van die feit dat Luther tot die besef gekom het dat nie lig oor die sonde heengestap mag word nie, maar dat dit berouvol, wenend by God bely moet word.

Dit bring ons dan, na ons mening by die hartslag van die Lutherfiguur van 1517: die verlossing is Gods daad in Christus Jesus. Hy red, sonder enige verdienste van jou kant, uit loutere genade alleen. Dit is te lees op elke bladsy van sy Auslegung. Dit

is die grondwaarheid, Jesus die Gekruisigde, wat hy aan sy eie mense wou bekend stel. En die sondaar het deel aan Hom deur die geloof alleen. Luther is na die bange nag van lyde, smart en worsteling so diep aangegryp deur dié waarheid, dat hy in 'n stortvloed van woorde en met diepe gevoel, hieroor sing in sy Auslegung. Uit die rykdom en veelheid van getuienisse maak ons enkele grepe om u iets te laat begryp van die innig gelowige mens, Luther, wat as causa secunda die deurbraak vir die Reformasie sou bewerkstellig.

Natuurlik sny hy elke vorm van eiegeregtigheid en werkheiligheid by die wortel af. Die mens met al sy werke is niks en moet eers niks wees in sy eie oë. Ons moet leer, aldus Luther, „gruntlich unser ensserlich gute werck nit achten, der leut lob und eer von den selben nit gleuben”.⁵⁰ Alle doen en late van 'n uiterlike geregtigheid vermag nie om my gewete te troos nie of om my sonde weg te neem nie,⁵¹ inteedeel God het vir niks so 'n veragting as vir die welvoldane en versadigde wat sy genade nie begeer nie.⁵² In heilige verontwaardiging vra Luther: Waar sal die hovaardiges bly wat met 'n blinde vermetelheid eie aan hulle werke en met 'n skynbaar goeie lewe, verdienste, loon, guns en dank by God geregtigheid meen te verkry? Hulle vrees nie dat die „Gottis gericht” ook oor hulle goeie werke sal gaan.⁵³

Nou hoe dan? Hoe het jy deel aan die verlossende genade? Luther begin waar begin moet word. Hy begin by God. Hartroerend in sy taal, diep uit die hart geruk, as hy oor God begin spreek. God is ewig in sy wese, ewig in sy gedagtenis.

„Darumb mein Gott”, so sug Luther „wie kome ich von mir zu dir, das mein wesen und namen auch bleibe ewig? Ich bin leider zu ferr und zu tieff von dir”.⁵⁴ Luther bely hy kan die kloof nie oorbrug nie maar hy bit „mein gott, stee auff, und kumm zu mir und hole mich zu dir”.⁵⁵ God moet handel. Treffend bely hy dat geen mens nog enige skepsel kan help of troos nie „darumb du, der do got bist und ewig, allein mir helffen kanst erbarme du dich mein”.⁵⁶

Hy het sy tyd,⁵⁷ aldus Luther, dat Hy kom na sy uitverkorenes, „die ausserwelten gottis”.⁵⁸ Wanneer dit God se tyd is om sy „ausserwelten” sy uitverkorenes in te samel stuur Hy sy profete, apostels en predikers om hulle vir sy genade bereid te maak.⁵⁹ Die bereid maak geskied deur die Woord van God. Die Woord moet suiwer gepreek word: dat alle mense vanweë die sonde doemwaardig is en dat niemand in sy eiegeregtigheid voor God kan bestaan maar alleen in Gods genade.⁶⁰ Luther bely God se almag, God se wil wat in vervulling gaan, God se opstaan tot redding wat geskied het in Christus Jesus „die aller susseste und gnedige mensch werdung gottis, dan do ist er kummen zu uns, auff das er uns hübe zu zich, und do hat er zich erbarmet uber Zion, das ist sein volck”.⁶¹ In die heilswaarheid dat die Seun van God in die wêreld gekom het om sondaars uit genade te red, het Luther die antwoord gevind op sy brandende vraag hoe die geregtigheid van God verstaan moet word. Luther erken: „vor groszem angst deines gerichtis bin ich alt und graw worden”.⁶² Nou verstaan hy vir hulle wat glo is die geregtigheid nie die strenge oordeel van God oor ons

sondes nie maar Hy gee ons uit genade deel aan die geregtigheid van Christus.⁶³

Daarom kan hy afsien van alle menslike steunsels en menslike eiegeregtigheid en bid:

„Nim tzu dein oren mein flehen in deiner warheit,
Nit in meiner warheit, dan die ist ein itelkeit und falscheit.
Erhore mich in deiner gerechtickeit,
Nit in meiner gerechtickeit, dan dieselb ist sund und unger-
rechtickeit.”⁶⁴

Luther plaas die seël op sy verlossingsleer as hy die Auslegung afsluit deur met homself in 'n gesprek te tree:⁶⁵ As iemand nou tot my sou sê: Kan u niks meer doen as alleen maar spreek van menslike geregtigheid, wysheid, sterkte, en altyd maar weer die Skrif uitlê aangaande Gods geregtigheid en genade, en sodoende niks meer doen as om op die een snaar te speel en al maar deur dieselfde liedjie sing, dan gee ek die antwoord: elkeen moet maar op homself let. Dit bely ek vir myself: so dikwels dat ek minder in die Skrif gevind het as Christus het ek nog nooit versadig geword nie. Maar nooit het ek armer geword so dikwels as wat ek gemeen het meer as Christus te gevind het. Daarom lyk dit vir my waar te wees „dass gott der heilig geist nit meer wens noch wissen will dan Jesum Christum” as hy van Hom (d.i. die Heilige Gees) sê „Hy sal my verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig” (Joh. 16 : 14) „Christus ist Gottes gnaden, barmhertzickeit, gerechtickeit, warheit, weiszheit, stercke, trost und selickeit, uns von gott gegeben on allen verdienst”.⁶⁶

Deur die geloof in God se vrymagtige genade in Christus Jesus het Luther rus en vrede gevind vir 'n rusteloos-soekende onstuimige gemoed. Die Luther van 1517 staan vas in die sentrale reformatoriese waarhede *sola sacra scriptura, sola gratia, sola fidei*.

3. Luther en 'n lewe van dankbaarheid

Uit die voorgaande is dit wel duidelik dat die Auslegung van die Busspsalmen 'n duidelike beeld gee van die Luther in sy stryd, sy aanvegtinge sy sondebefes, sy nag van kommer en vertwyfeling, sy sondebelydenis uit 'n diep berouvolle hart en sy volkome berusting in die geregtigheid van God, die vrye genade in Jesus Christus.

Dit is ewe duidelik dat bogenoemde by Luther swaar geweeg het. Sy hart was daarvan vol en die Busspsalmen het die geleentheid gegee om daaraan uitdrukking te gee.

Daarom verbaas dit 'n mens nie dat Luther, hoewel die Busspsalmen hulle daartoe leen, 'n lewe van dankbaarheid nie 'n ewe sterk beklemtoning laat toekom nie. Hy vermy dit nie, soos ons hoop om aan te toon, maar dit kom meer sporadies voor en daaragter sit nie dieselfde vuur as agter sy uitsprake oor sondekennis, berou en verlossing uit genade alleen nie.

'n Mens kry soms selfs die indruk dat Luther darem 'n te

somber uitkyk op die lewe het, dat die liggaam, die stoflike vir hom simbool geword het van die sondige, die veragtelike. So kom Luther tereg tot die konklusie dat die ou mens gehaat moet word maar wie en wat is vir hom die ou mens dit is „die werlt und alles fleisch und bluet ein schedlich eitel dinck ist” soos dit openbaar word in lag, vrolikheid, rykdom, mag en verheuenheid en dergelike dinge.⁶⁷ Dieselfde gedagte van onderskatting van die stoflike werk deur as hy die liggaam so aan ’n hartgrondige berouvolle siel wil onderwerp dat dit wegsmeelt „wie der Schnee und vorgehen”.⁶⁸ Soortgelyk is sy uitspraak dat sy liggaam verander en „ungestalt” word omdat hy dit nie meer „pfleg und warte sein nit”.⁶⁹ Hy vind ’n ooreenkoms tussen hom en die hongerige Lasarus vanweë sy eie „willigen tzorn” teen sy vlees.⁷⁰

En in jou lewe, aldus Luther, moet hierdie toorn teen die vlees daarin uitkom dat jy voortdurend „nach dem fleisch im creutz und nit in lust leben”.

Nou wil ons wel aanvaar dat Luther met die vlees, die stoflike en alle lewensgenot wat daarmee in verband staan, die sondige daarin, die ou Adam⁷¹ bedoel. In sy radikale terminologie toon hy dan ten minste ’n bedenklieke verwantskap met die ou asketiese minagting van die stoflike wat weer herlei kan word tot die Platonisme.

Miskien kan ’n verklaring hiervoor gevind word in die feit dat Luther ’n renons gehad het in ’n uitwendige formalistiese godsdiens wat weer verband hou met die verdienstelikheid van die goeie werke by Rome. Die uiterlike vroomheid, om bloot die mens te behaag, noem Luther „lauter triegerei on grund und warheit”.⁷²

Positief het Luther tog ook hoë eise gestel aan die geloofslewe. Dit moet wortel in ’n ware, onkreukbare liefde tot God.⁷³ Waar die liefde regeer sal jy jou aan die regering van die Here onderwerp,⁷⁴ sal jy vra na sy wil wat jy uit die diepste grond van jou hart moet liefhê.⁷⁵ Die genade, wat Luther so hoog roem, maak dus nie sorgelose en goddelose mense nie, intendeel so verklaar hy „in gnaden lebe ich und darumb alle mein leben dienet dir und nicht mir”.⁷⁶ Hierdie „alle mein leben” verklaar hy nader. Dit is die offer van jou hart,⁷⁷ d.i. jy moet jousef offer in sy diens.⁷⁸ Ons moet alles aan God gee wat ons het en wat ons self is.

As ons daaraan dink dat Luther hierdie woorde die wêreld instuur in Mei 1517 is dit asof ons al iets verneem van die openlike uitdaging en konfrontasie op 31 Okt. 1517⁷⁹ in sy 95 stelling. Luther weet daar wag vir hom ’n stryd ten bloede toe. Hy pleit byvoorbaat om verlossing „von den kindern des blutes”⁸⁰ wat hulle saligheid op hulle eie vroomheid bou en hulle daarom teen die leer van die vrye genade verset.

So het, aldus Luther, die Jode die apostels, die heidene, die martelare, die ketters, die leraars van die kerk vervolgd.⁸¹ Die tyd van vervolging is egter nog nie verby nie, nog steeds vervolgd die hovaardiges die eenvoudiges van hart.⁸²

Luther deurgrond waartoe hy geroep is. Hy besef die gevare wat hom bedreig. Daarom bid hy dat die Here hom „stercke und

mut" sal gee dat hy „frei und kunlich" sal getuig.⁸³ Luther kan hom nie meer terug hou nie. Hy voel 'n roeping aan en gryp vooruit na die openbare konfrontasie met sy vyande. Jy verneem die spanning in sy woorde:⁸⁴ „deur u sterkte sal ek moedig wees om alle mense te bestraf en te oortuig dat hulle sondaars is, dat daar niks in hulle is wat lof of eer werd is nie, maar dat hulle inteendeel slegs skande en straf verdien het. En dat hulle sal erken dat die lof en die eer U alleen toekom omdat U alleen die geregtigheid en die wysheid besit. . . . Sulke lof en eer aan u sal my tong verkondig as u dit oopmaak. Want wie God nie stuur en in wie Hy nie spreek nie kan die leer nie verkondig nie en God geen lof toebing nie".

En was is die doel van dit alles?

Luther noem veral drieërlei in sy Auslegung. Eerstens word die uitverkorenes deur die prediking van die Woord voorberei vir die genadewerking van God in hulle harte.⁸⁵ God het sy tyd vir die deurbraak van sy lig.

Tweedens word, soos Luther dit stel, „die stat gottis, die heilige christenheit" deur Gods genade alleen en met die Woord opgebou.

Derdens, en dit vind Luther eweas Calvyn, die einddoel van alle dinge die eer en verheerliking van God. „Und das ist das groste, das wir grote thun kunnen, das er auch am hochsten begeret", aldus Luther, „das man das lob und eere im gebe".⁸⁶

By herhaling sing Luther hierdie hooggestemde lied, God alleen moet in Christus geprys word en sy Naam word geprys „wann man sagt und weisz das als gantz an gottis gnaden und wircken ligt, und wir nichts sein".⁸⁷ Vir Luther is, eweas vir Calvyn, God alles, die mens niks.

Heelhartig onderskryf ons die bevinding van prof. Stegenga:⁸⁸ „Welnu, dit is de grootheid van Luther's verklaring der boetepsalmen, dat men de zin daarvan in één regel kan neerschrijven: de mens niets, Gods genade alles! En wie zich in een geschrift als dit verdiept, zoals ik het bij de bewerking heb moeten doen, krijgt een verfrissend bad in de simpele, klare stroom der reformatorische waarheid. Het is geen vraag of veel in onze dagen niet anders zou kunnen en moeten worden gezegd. Wie niet eerbiedig luisteren kan naar hen, die in andere tijden dan de zijne Gods Woord spraken, zal dat Woord in eigen tijd wellicht niet zuiver kunnen vertolken. En wie menen zou, dat wij in onze dagen, bij de gecompliceerdheid van ons leven, aan de reformatorische eenvoudigheid te weinig hebben, daar zij niet op al onze vragen een antwoord geeft, die bedenke, dat tegenover de majesteit van Gods serene genade al onze gecompliceerdheid nietig wordt. Straks, aan 't einde van de aardse loopbaan, wordt ons leven aan de maatstaf van die genade gemeten".

Hy, Martinus Luther, so is hy gedoop op 11 Nov. 1483, vernoem na die heilige van die bepaalde Sondag, was 'n rykbegenadigde mens. Sy Auslegung spreek van sy lewenstryd maar ook van die triomf van God se genade in sy lewe.

Aan sy naam is hervormingsdag 31 Okt. 1517 verbind, die dag van die 95 stelling.

Vergeet nie sy voorarbeid, die indra van die reformatoriese

grondwaarhede in 'n toebereide akker, die hart en denke van sy volk.
Vergeet nie die eerste saadkorrel in sy eie moedertaal aan hierdie akker toevertrou, vergeet nie sy: Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung.

G. C. P. van der Vyver.

*(Gelewer voor die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika
Januarie 1974)*

VERWYSINGS:

- 1 Sien D. Nauta: *Opera Minora*, p. 13—29. Verdere verwysings en aanhalings oor die verhouding Luther-Calvyn is uit hierdie werk.
- 2 Weimarer Ausgabe (W.A., Bd. I, p. 154—220.
- 3 W. J. Kooiman: Luther en de Bijbel, p. 19.
- 4 Soos aangehaal W.A., Bd. I, p. 154.
- 5 P. Stegenga in 'n toeligtig tot 'n Nederlandse vertaling van Die Sieben Busspsalmen. Dit het verskyn in 'n serie: *Stemmen uit Wittenberg*. Uitgawe deur De Gereformeerde Biblioteek te Goudriaan 1972.
- 6 Aangehaal J. N. Bakhuizen van den Brink: *Handboek der Kerkgeschiedenis III*, p. 28.
- 7 Sien Stegenga: a.w., p. 90.
- 8 Vgl. W. J. Kooiman: a.w., p. 16.
- 9 Vgl. W. J. Kooiman: *Maarten Luther, Doctor der Heilige Schrift, Reformator der Kerk*, p. 30. Uitgawe W. ten Have, Amsterdam 1948.
- 10 In 'n Voorwoord tot die uitgawe 1883. W.A., Bd. I, p. 154.
- 11 Vgl. by W. J. Kooiman: Luther en de Bijbel, p. 68.
- 12 W.A. I S. 378 f. Soos aangehaal deur W. J. Kooiman: Luther en de Bijbel, p. 68—69.
- 13 *Idem*, p. 69. Vertaal weergegee.
- 14 D. Nauta: *Opera Minora*, p. 14.
- 15 Soos aangehaal in voorwoord by *Zweite Bearbeitung 1525*. Gepubliseer in W.A., Band 18, p. 467—530. Uitgawe 1908.
- 16 *Idem*.
- 17 Vgl. W. J. Kooiman: a.w., p. 69.
- 18 *Stemmen uit Wittenberg*, p. 68, voetnoot 1.
- 19 A. Noordtjiz: *Chr. Encycl.* onder „Boetepsalmen”.
- 20 Vgl. Stegenga in meer vermelde toeligtig, p. 91.
- 21 *Idem*, p. 92.
- 22 Voorwoord tot Uitgawe 1883; a.w., p. 155.
- 23 Soos aangehaal in die Voorwoord tot die *Zweite Bearbeitung 1525*, W.A., Bd. 18, p. 468. 1908.
- 24 Vgl. *Chr. Enc. II* onder Hieronymus.
- 25 Behalwe waar anders vermeld maak ons hier vryelik gebruik van W. J. Kooiman: Luther en de Bijbel, p. 24 e.v., Bosch & Keuning, Baarn.
- 26 Aangehaal in a.w., p. 24.
- 27 W. J. Kooiman: Luther en de Bijbel, p. 29.
- 28 Vgl. W. J. Kooiman, a.w., p. 39.
- 29 H. Boehmer: *Der junge Luther*, p. 110. 1951. Soos aangehaal deur W. J.

- Kooiman: a.w., p. 39.
- 30 Idem.
- 31 G. C. Berkouwer: Charisma. Gereformeed Weekblad, 23 Nov. 1973.
- 32 Idem.
- 33 Die Sieben Busspsalmen mit Deutscher Auslegung (D.S.B.), Ps. 51 : 7.
- 34 D.S.B. Ps. 32 : 2.
- 35 D.S.B. Ps. 102 : 4.
- 36 D.S.B. Ps. 6 : 3.
- 37 D.S.B. Ps. 6 : 4.
- 38 Idem.
- 39 D.S.B. Ps. 32 : 1.
- 40 Vgl. by D.S.B. Ps. 32 : 5.
- 41 D.S.B. Ps. 38 : 6.
- 42 Afsluiting by Der siebend Busspsalm.
- 43 D.S.B. Ps. 6 : 4.
- 44 D.S.B. Ps. 6 : 7.
- 45 Idem.
- 46 Matt. 5 : 4, 6.
- 47 D.S.B. Ps. 32 : 2.
- 48 D.S.B. Ps. 38 : 9. „Rew” beteken berou.
- 49 D.S.B. Ps. 38 : 11.
- 50 D.S.B. Ps. 51 : 6.
- 51 D.S.B. Ps. 51 : 10.
- 52 D.S.B. Ps. 102 : 18.
- 53 D.S.B. Ps. 143 : 2.
- 54 D.S.B. Ps. 102 : 13.
- 55 D.S.B. Ps. 102 : 14.
- 56 D.S.B. Ps. 51 : 1.
- 57 Idem.
- 58 D.S.B. Ps. 102 : 15.
- 59 Idem.
- 60 Idem.
- 61 D.S.B. Ps. 102 : 14.
- 62 D.S.B. Ps. 32 : 3.
- 63 Vgl. by D.S.B. Ps. 51 : 16.
- 64 D.S.B. Ps. 143 : 1.
- 65 D.S.B. Ps. 143 : 12. Dit is 'n lang aanhaling. Ons vertaal.
- 66 In die uitgawe van 1517 staan „an allen vordiness” en in die van 1525 „on allen verdienst”. Ons meen „vordiness” is 'n lastige drukfout in die uitgawe van 1517.
- 67 D.S.B. Ps. 1 : 6.
- 68 Idem.
- 69 D.S.B. Ps. 1 : 7.
- 70 Idem.
- 71 Vgl. by D.S.B. Ps. 1 : 8.
- 72 D.S.B. Ps. 51 : 8.
- 73 Vgl. D.S.B. Ps. 51 : 8.
- 74 Vgl. D.S.B. Ps. 32 : 8.
- 75 Vgl. D.S.B. Ps. 32 : 9; D.S.B. Ps. 51 : 12.
- 76 D.S.B. Ps. 143 : 12.

52 *In die Skriflig*

77 D.S.B. Ps. 51 : 21.

78 Idem.

79 Die datum word wel in die jongste tyd bevraagteken ten gunste van 1 Nov. Ons hou ons hieraan totdat die teendeel onweerlegbaar bewys is.

80 D.S.B. Ps. 51 : 16.

81 Idem.

82 Idem.

83 D.S.B. Ps. 51 : 17.

84 Idem. Ons vertaal.

85 D.S.B. Ps. 102 : 15.

86 D.S.B. Ps. 51 : 17.

87 D.S.B. Ps. 102 : 22.

88 In meervermelde toeligting.